

10 MEI 2020

Gr R tot Gr 3



Alles begin by **melk!**

i

1 Petrus 2:2-10

voorbereiding

Neem saam:

- Voorbeelde van melk en vastekos
- Inkleurprente vir babas en groter kinders
- Afskrifte van prent aan einde van les
- Inkleurkryte
- Melkskommels of warm sjokolade vir almal

OPENINGSGEBED:
vra vir een van die kinders om te open met gebed.

bid tyd

gesels tyd

Wie van julle het 'n baba boetie of sussie in die huis? Wat eet en drink hulle? Drink jy nog uit 'n bottel? Eet jy graag vleis van 'n beentjie af? Wat is jou gunsteling lekkergoed?

Gee die kinders kans om van die vrae te antwoord. Maar seker dat almal

deelneem of vra'n vraag aan elke kind om deelname te verseker.

Het julle al gesien as mens vir 'n baba iets soos 'n suurlemoen gee, hoe lelik trek hulle hulle gesigte? Waarom gebeur dit so?

Babas drink melk om groot en sterk te word. Enige iets anders kan hulle nog nie eet nie. Hulle het nog nie tande om vleisies van beentjies af te eet nie, hulle kan nog nie kos fyn kou nie, en wanneer hulle iets soos 'n suurlemoen proe, sal hulle gril want al ken hulle nog nie verskillende soorte kos nie, weet hulle vanself dat dit nie iets is wat hulle nou moet eet nie. Ons lag dalk lekker vir hulle as hulle hulle gesiggies so trek, maar ons weet ook dat mens nie vir babas lekkers en vreemde goed kan voer nie.

En al is julle nie meer babas nie, is daar sekere goed wat julle van hulle om te eet en ander dinge waarvan jy nie hou nie. *Hou verskillende items voor en gee aan die kinders geleentheid om te vertel wat eet hulle graag en waarvoor gril hulle.*

Wie van julle hou van inkleur? Kleur jy graag prente met dik lyne en min detail in, of hou jy van prente met meer detail? *Hou gerus 2 soorte inkleurprente voor, een wat vir kleiner kinders bedoel is en een vir groter kinders.*

Toe jy klein was, kon jy net met dik vetkryt inkleur en het jy oor die lyne ingekleur en kon jy nie 'n prent met detail inkleur nie, maar soos jy groter geword het en meer geleer het hoe om 'n potlood te hanteer en hoe om mooi tussen die lyne in te kleur, het jy van meer detail begin hou.

Daar is baie voorbeelde van goed wat ons anders gedoen het toe ons kleiner was en wat ons nou beter kan doen nou dat ons groter is. Kan jy dink aan voorbeelde?

Gee kinders kans om voorbeelde op te noem: Byvoorbeeld, toe jy klein was het jy groot blokkies gebou en kan nou kleiner blokkies gebruik, of toe jy klein was het jy maklike puzzels gebou met min stukke en kan nou moeiliker puzzels bou.

Hierdie liedere is slegs voorstelle. Sing gerus iets wat meer bekend is.

Lied: Hy hou die hele wêreld, in Sy hand

Hy hou die hele wêreld, in Sy hand (x3)
Hy hou ons almal in Sy hand

Hy hou die kleinste fynste babatjie, in Sy hand (x3)
Hy hou ons almal in Sy hand

Hy hou die grootste dinosaurus, in Sy hand (x3)
Hy hou ons almal in Sy hand

Hy hou vir mamma en vir pappa, in Sy hand (x3)
Hy hou ons almal in Sy hand

Hou hou vir Boetie en vir Sussie, in Sy hand (x3)
Hy hou ons almal in Sy hand

Hy hou vir jou en my ook, in Sy hand (x3)
Hy hou ons almal in Sy hand

Lied: Lees jou Bybel

Lees jou Bybel bid elke dag
Bid elke dag, bid elke dag
Lees jou Bybel, bid elke dag
En jy sal groei, groei, groei (x3)
Lees jou Bybel, bid elke dag
En jy sal groei, groei, groei

gesels tyd (vervolg)

sing tyd

BYBEL tyd

Die Bybel leer ons dat wanneer ons ons hartjies vir Jesus gee, dan moet ons leer hoe Hy wil hê dat ons moet lewe. Ons moet baie tyd spandeer om te verstaan wat die Bybel ons leer. Ons moet soos babatjies wees wat heelyd dors is en net melkies wil drink. Babas drink baie melkies om groot en sterk te word. Hulle lyfies kan nog nie vaste kos soos vleis en groente hanteer nie, en daarom begin alle babatjies eers met melk. Maar die melk maak hulle groot en sterk. En soos hulle groter word, kan hulle ander kossies begin eet.

Hoe meer tyd ons spandeer om te verstaan wat die Woord van God ons leer, hoe meer sal ons ook van God ons Vader verstaan. Jy groei as Christen wanneer jy God se woord lees.

Kom ons lees ook daarvan in die Bybel.
Lees vir die kinders voor uit 1 Pet.2:2-3

Wanneer ons kerk toe kom, of sonagskool toe, of wanneer ons uit die Bybel lees voor ons gaan slaap of wanneer ons opstaan, dan is dit soos om elke keer melkies te drink en groter en sterker te word, omdat ons al meer van Jesus leer.

Wanneer ons oor Jesus leer in die Bybel, moet ons met mekaar daaroor praat. Ons moet nooit dink dat ons te jonk is of te klein is om met iemand oor Jesus te praat nie, want Jesus het almal lief, grootmense en kinders. Almal behoort aan Hom. En ons almal moet van Hom leer. Wanneer ons so saam oor Hom leer, dan raak ons groter en sterker soos 'n gebou se stene wat gebou word, daar is groot en klein boustene nodig om saam 'n sterk muur te vorm. En dit is ook wat God van ons vra. Kom ons lees verder in die Bybel hieroor:
Lees vir die kinders verder uit 1 Pet.2:4-10

Jy en ek, of ons groot of klein is, is vir God belangrik en Hy wil hê dat ons moet lewe soos Hy van ons vra.

doen & leer tyd

Alles begin by melk.

Omkring die prente wat almal melk drink as babatjies.

Ons drink melkie as babas om groot en sterk te word. Later drink ons melkskommels vir die lekker.


Maak vandag vir die kinders Melkskommels, of indien dit koud is kan julle warmsjokolade drink vir die lekker.

Moedig die kinders aan om vir mamma en pappa te gaan vertel wat hulle vandag geleer .

groet tyd

Dankie Jesus dat ek ook elke dag van U kan leer uit die Bybel.

Amen



**Alles begin by Melk:
Omkring die prente van alles
wat as babatjies melk drink en kleur dit in.**

